UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Koshuisbeleid soos van toepassing op voornemende studente

Inligting insake koshuisplasings

Hierdie pamflet bevat belangrike inligting oor die koshuisplasingsproses, die plasingsbeleid en die werking van die plasingskantoor.
Let daarop dat die koshuise vir Fakulteit Gesondheidswetenskappe op 'n kampus in Tygerberg is. Die kampus is ongeveer 30km vanaf Stellenbosch.

1. Hoe doen ek aansoek om plasing?

- Koshuisaansoeke sluit 30 Junie 2013 vir inname 2014 – geen laat aansoeke word aanvaar nie.
- Koshuisaansoeke maak deel uit van die algemene aansoekvorm vir toelating tot die Universiteit Stellenbosch (US).
- Doen **aanlyn** aansoek by www.maties.com of kontak 021 808 9111 vir enige hulp.
- Let asseblief daarop dat jou aanduiding van jou drie voorkeurkoshuise nie bepaal of jy koshuisplek kry of nie maar is slegs aanduidend van jou voorkeure. Dit gebeur dikwels dat studente in 'n koshuis geplaas word wat nie een van hul voorkeure is nie.
- Studente wat aansoek doen vir koshuisplasing MOET op die volgende let: Die volgende programme is onderworpe aan uitgebreide keuringsprosesse:
  - Alle programme in die Fakulteite Gesondheidswetenskappe en Ingenieurswese
  - Alle programme in Regsgeleerdheid
  - BA (Visuele Kunste)
  - BA (Drama)
  - BA (Musiek)
  - BMus
  - BA (Sportwetenskap) en BSc (Sportwetenskap)
  - BEd (Alg Ond)

Indien jou eerste studiekeuse een van die programme is wat hierbo gelys word, moet jy 'n alternatiewe program, wat nie hierbo gelys is nie, kies in geval jy nie vir jou eerste keuse akademiese program aanvaar word nie en steeds vir koshuisplasing oorweeg wil word.

- Indien studente reeds matriek voltooi het, word die Graad 12 punte gebruik vir plasing.

- Koshuisinligting kan op die koshuise se onderskeie webwerwe gevind word. Besoek www.sun.ac.za/ssg vir skakels na hierdie webtuistes.

Privaatsak | Private Bag X1 • Stellenbosch 7602 • Suid-Afrika | South Africa
Tel: (021) 808 9111 • Faks | Fax: (021) 808 3822• e-pos | e-mail: info@sun.ac.za

2. Watter plasingskriteria geld?

Die plasingsbeleid maak vir plasingskategorieë voorsiening. (Die beleid kan gevind word by http://www.sun.ac.za/english/Documents/Strategic_docs/Koshuisplasingsbeleid.pdf)

2.1 Akademiese uitnemendheid

Dit is die primêre kategore vir plasing van studente. Plasings in die kategorie vind plaas op grond van graad 11 finale eksamenresultate indien jy in jou graad 12 jaar aansoek doen. Waar jou graad 12 punte (finale NSS eksamen) reeds beskikbaar is word daardie punte gebruik.

2.2 Diversiteitskategorie

Nadat die aanvanklike plasing afgehandel is en die geplaasde studente se diversiteitsprofiele verreken is, word addisionele bepalinge, steeds met inagneming van akademiese meriete, gebruik om die diversiteitsprofiel te bereik soos deur die bestuur as teiken gestel. Die vyf diversiteitsfaktore wat in hierdie verband verreken sal word, is (1) Suid-Afrikaanse burger of internasionale student; (2) voorkeurtaal (Afrikaans, Engels of Ander); (3) etnisiteit (Bruin, Swart, Indiër of Wit); (4) eerste- of nie-eerstegenerasiestudent en (5) ekonomiese klas (vir studente wat finansiële ondersteuningsbeurse benodig en op grond van 'n middeletoets wel vir die ondersteuning kwalifiseer). Al vyf diversiteitsfaktore van elke student word telkens in berekening gebring om die studente te kies wie se kombinasie van diversiteitsfaktore die beste pas om die teiken diversiteitsprofiel te haal.

2.3 Spesiale plasings

2.3.1 Plasings van die Bloemhof Boarding Establishment Trust

Die seleksie van studente in hierdie kategorie word nie deur die Universiteit behartig of geadministreer nie. Die trust vind self die studente wat deur die trust geselekteer word ingevolge die bepalings van die trust en daar is nie 'n aansoekprosedure vir die seleksie nie. Die Universiteit verskaf ook nie kontakbesonderhede van die trust nie.

2.3.2 Sportplasings

In hierdie kategorie word studente op grond van uitnemende prestasie in sport (nasionaal, en in uitsonderlike gevale ook provinsiaal) vir plasing oorweeg.
LW: Vir sportnavrae, kontak Maties Sport by 021-8084642

2.4 Koshuisplasings vir studente in MB, ChB, Fisioterapie en Dieetkunde

Studente wat as hul eerste keuse vir een van bogenoemde programme aansoek doen, doen aansoek vir koshuisplek op die Tygerbergkampus.

Privaatsak | Private Bag X1 • Stellenbosch 7602 • Suid-Afrika | South Africa
Tel: (021) 808 9111 • Faks | Fax: (021) 808 3822 • e-pos | e-mail: info@sun.ac.za

LW: Die Tygerbergkampus is ‘n kampus 30km vanaf die Stellenbosch kampus en studente in die rigtings waarna in die opskrif verwys word, word nie in koshuise op die Stellenbosch-kampus gehuisves nie.

Indien jy nie vir bogenoemde kursusse gekeur word nie, en jy vir ‘n tweede alternatiewe kursus by die Universiteit Stellenbosch wel gekeur word, kontak die Kontaksentrum (021-8089111) vir ‘n oorplasing van jou koshuisaansoek na die Stellenbosch kampus.

3. Wat gebeur as ek geplaas word?

3.1 Jou status op www.mymaties.com (onder status van aansoek) verander na gereserveer. Onthou jy word nie vir ‘n spesifieke koshuis gereserveer nie.
3.2 Hierna ontvang jy ’n reserveeringsbrief (per pos of e-pos en sms) wat vereis dat jy teen ‘n bepaalde datum ’n deposito betaal. Indien jou deposito nie teen die sperdatum ontvang word nie, sal jou aansoek om koshuisplasing gekanselleer word. Jou status op www.mymaties.com sal dus gekanselleer aandui. (Ná 1 Desember verander die proses, en word studente slegs per e-pos en telefonies van enige verdere plekbesprekings in kennis gestel.)
3.3 Indien jy op enige stadium nie meer in ’n plek in ’n koshuis belang stel nie, moet jy jou aansoek kanselleer deur ’n e-pos na info@sun.ac.za te stuur.
3.4 Plasing in ‘n spesifieke koshuis sal eers veel later as die 30 Junie, na ontvangs van die deposito, begin plaasvind. Hierdie proses word so bestuur om die meeste top studente in een van hul voorkeurkoshuise te probeer plaas. Die koshuis waarin jy geplaas is sal op www.maties.com onder status van aansoek verskyn.
3.5 Bevestigingsbriewe van plasing of kansellasie word per pos of e-pos gestuur.
3.6 Koshuise kan oorplaas word aan die begin van die jaar. Hierdie maatreel is in plek om moontlike kansellasies te neutraliseer.

3.7 *LW: Deposito’s kan in die onderstaande rekening inbetaal word
Rekeningnaam: Universiteit Stellenbosch
Bank: Absa
Rekeningnommer: 0410204789
Rekeningsoort: Tjek
Takkode: 632005
Verwysing: US-studentenommer
Faks/e-pos betaalbewyse na 021 808 3822, of info@sun.ac.za

Internetbetalings vanaf Absa
By begunstigdes, kliek op ‘Voeg nuwe een by’.
Sleutel die LKN-nommer (RVN) vanaf Absa in.
Klik op ‘Koppel begunstigde by Absa gelys’.
Sleutel die instellingsbesonderhede, d.w.s. ‘univ’, in.
Klik op die vierde instelling van bo af, naamlik ‘Univ Sbosch Studentegelde’.
Sleutel jou rekeningbesonderhede in onderstaande volgorde in die beskikbare blokkies in:
*Studentenommer

*Student se voorletters en van
*Univ Stellenbosch (as beskrywing op betaler se bankstaat)
Faks/e-pos betaalbewyse na 021 808 3822, of info@sun.ac.za

Kredietkaartbetaling
Gaan na www.sun.ac.za
Klik op Studente
Klik op Gelde
Klik op Betalingopsies
Volg die stappe
Faks/e-pos betaalbewyse na 021 808 3822, of info@sun.ac.za

4. Wat gebeur as ek nie plek kry nie?

4.1 Indien jy teen **30 November** nog nie in 'n koshuis gereserveer of geplaas is nie, was jou aansoek vir **koshuisplasing onsuksesvol**. Jy gaan ook 'n brief en e-pos ter bevestiging hiervan ontvang.
4.2 **Waglys vir 2014**: As jy op 30 November onsuksesvol was, kan jy jouself op die koshuiswaglys registreer. Gaan na www.maties.com en klik op 'waglys 2014'. Dit is slegs hier waar jy jou naam op die waglys kan registreer of deregistreer. Let wel, jou posisie op die waglys word voordurend outomaties aangepas in verhouding tot ander kandidate wat registreer.
LW: Registrasie op die waglys sluit op 31 Desember.
4.3 Plasing vanaf die waglys word gedoen soos kansellasies plekke beskikbaar maak en op grond van graad 11 finale eksamenresultate indien jy in jou graad 12 jaar aansoek doen. Waar jou graad 12 punte (finale NSS eksamen) reeds beskikbaar is word daardie punte gebruik
4.4 Om inligting te kry oor privaat verblyf stuur 'n e-pos na info@sun.ac.za.

Let asseblief op die volgende

- **Vanaf Desember word enige kennisgewing van verdere reserverings slegs telefonies en per e-pos bekend gemaak**.
- **Die waglys verval 6 Febuarie 2014 waarna studente hulle name op 'n vedere waglys in Admin A kan plaas.**
- **Slegs senior studente word oorweeg vir studentehuise en Universiteitswoonstelle.**

5. Hoe word kansellasies gedoen?

5.1 Jou kansellasie van koshuisverblyf word slegs aanvaar as dit skriftelik gedoen word. Faks na 021 808 3822 of e-pos jou kansellasie na info@sun.ac.za met vermelding van jou studentnommer.
5.2 Sodra die eerstejaarsverwelkoming begin, het jy twee dae om aan te meld. Indien jy nie opdaag of ons in kennis stel van moontlike vertragings nie, word jou plek summier gekanselleer.
6.3 'n Administratiewe fooi word na gelang van die tyd van kansellasie gehef. Sien Studentegelde in Jaarboek 3, 2013, par. 43.

6. Koshuisplek in jou tweede jaar

Eerstejaarstudente se Junie-eksamen resultate bepaal of hul aansoek vir koshuisplek in hul tweede jaar voorlopig suksesvol sal wees. In die Junie eksamen moet eerstejaars 0,3375 Hemis-krediete verwerf om suksesvol te wees in hul aansoek om voorlopige plasing vir hul tweede jaar. Eerstejaarstudente moet in Desember 0,45 Hemis-krediete hê om hul voorlopige plasing vir hul tweede jaar te behou.

7. Navrae oor koshuisplasing

Let asseblief op die volgende

- Ons is bewus van die wolhaarstorie wat die ronde doen dat **hoe meer jy bel**, hoe beter is jou kans op koshuisplasing. Die aantal oproepe speel egter **geen** rol in die toepassing van die plasingsbeleid nie.
- Ten uitvoering van ons visie as Universiteit, word daar **geen oorplasings tussen koshuise (of PSOs)** gedoen nie.
- As jy nie in een van jou voorkeurkoshuise geplaas word nie, beteken dit dat die kategorie waaronder jy in die betrokke koshuis geplaas sou word, reeds vol is (sien plasingsbeleidkriteria).
- Die Universiteit stel ’n baie hoë prys op diversiteit, en plaas dus nie studente op grond van ooreenstemmende behoeftes in koshuise nie. Dit beteken byvoorbeeld dat alle Moslemstudente nie in ‘n koshuis geplaas kan word waar daar ‘n Halaal kombuis is nie.
- Oud-Maties se studentekinders word dieselfde as al die ander studente behandel; daar word nie op grond van alumni-status voorkeur verleen nie.
- As gevolg van die verskillende plasingskategorieë gebeur dit wel dat studente met laer punte (of ’n laer toelatingsfaktor) geplaas word voor diegene met hoër punte (of ’n hoër toelatingsfaktor).
- Weens strategiese redes word koshuise gedurende sekere vakansies ontruim en dit beteken dat studente hul besittings uit hul kamers moet ontruim.
- Koshuisakkommodasie is beperk. In 2013 word slegs ongeveer 40% van voorgraadse studente in koshuise gehuisves. Die verwagting is dat die syfer sal styg vir 2014 as gevolg van aanbouings.
- Kamerplasings geskied deur koshuise en word nie deur die administrasie gedoen nie.
- Enkelkamers is NIE beskikbaar vir eerstejaars nie, met uitsondering van Majuba en Metanoia.
- Studente wat nie in koshuise woon nie word outomaties in Privaat Studente Organisasies of PSO-wyke geplaas. PSO-wyke neem aan al die aktiwiteite van die US op kultuur-, sosiale en sportvlak deel.
- In 2014 is daar ‘n aansienlike aantal (700) nuwe koshuisplekke beskikbaar. Ons voorsien dus dat heelwat meer eerstejaars in 2014 koshuisplasings sal kry.
- Hierdie privaatwyke verskaf nie verblyf nie, maar organiseer die studente in privaat wyke se buite-klaservaring. Die PSO-wyke is: Pieke, Aurora, Libertas, Oude Molen, Vesta, Equité, Venustia, Silene en Aristea.
- Onthou: Koshuisplasings is altyd voorwaardelik. Dit beteken nie dat die student beslis toegang tot die Universiteit het nie en aanbod verval indien ’n voornemende student nie aan die toelatingsvereistes van die Universiteit voldoen nie aan die einde van Graad 12.
- Parkering op kampus is uiters beperk. Senior studente kry voorkeur op parkering by koshuise en parkering in strate en ander plekke kan nie as veilig beskou word nie.

Privaatsak | Private Bag X1 • Stellenbosch 7602 • Suid-Afrika | South Africa
Tel: (021) 808 9111 • Faks | Fax: (021) 808 3822 • e-pos | e-mail: info@sun.ac.za

DIE STATUS VAN JOU KOSHUISAANSOEK KAN SLEGS OP WWW.MATIES.COM ONDER STATUS VAN AANSOEK GESIEN WORD.

Tel 021 808 9111 / info@sun.ac.za

Die plasingskantoor wens jou alle voorspoed met jou aansoek toe, en vertrou dat jy 'n sukses van jou studies by Universiteit Stellenbosch sal maak.